

KONiNKRYKSTYD

In dié kerkjaarseisoen
gesels ons oor
dissipelskap en groei.

Laai die DinkJeug
Families app af. Luister,
lees, gesels en bid saam.



HUISGELOOF

EVANGELIE

TEKS: 1 TESS 2

OMGEE

Daar word dikwels na die Bybel of die boodskap van Jesus se dood, opstanding en nuwe lewe, verwys as die Evangelie. Die woord “evangelie” beteken goeie nuus. Dit is ook die evangelie wat Martin Luther oortuig het om die Bybel te vertaal sodat gewone mense dit kan lees. Hoeveel Bybelvertalings (insluitend Kinderbybels) het julle in die huis of op julle fone? Tel gou almal.

GESELS

Lees 1 Tessalonisense 2:9-13

- Hoekom dink jy is die Bybel die mees gewilde boek (5-7 miljoen kopieë is al gedruk daarvan)? Lees vers 13.
- Vertel van ‘n keer toe die Bybel al jou oortuig of bemoedig het.
- Wat beteken dit vir jou dat die Bybel “die Woord van God” is?

DOEN

- Maak seker almal in die huis weet hoe die Bybel werk (Ou Testament, Nuwe Testament, en hoe om boeke, hoofstukke en verse op te soek).
- Merk belangrike verse sodat jy dit maklik kan vind.
- Dink aan iemand met wie jy ‘n teks kan deel en stuur dit vir hom/haar.

BID

Here, dankie vir die goeie nuus, die evangelie ...



Laai die
DinkJeug
Families app
gratis af:



Google Play:



Apple iStore: